# HOËRSKOOL VREDENBURG

AFRIKAANS EERSTE
ADDISIONELE TAAL
GRAAD 8

TAAL- EN
BEGRIPSTOETS

PUNTE: 55
TYD: 1 UUR

SEPTEMBER 2018

EKS. M. LOUBSER
MOD. S. NAUDé

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie toets bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: LEESBEGRIP (25 punte)

AFDELING B: TAAL IN KONTEKS (30 punte)

2. Beantwoord al die vrae.
3. Trek 'n kantlyn aan die regterkant van elke bladsy.
4. Begin elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik die nommeringstelsel wat op die vraestel gebruik is in die beantwoording van jou vrae.
6. Laat 'n reël oop tussen die antwoorde.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Sterkte.

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS

## VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Busdrywer geloof vir goeie daad!**



v.l.n.r. Steve en Sharon Russak, Siphelo en Brett Heron (Foto: Stad Kaapstad)

1 'n MyCiTi-busbestuurder van die Wes-Kaap is dié week vereer nadat hy 'n vrou met haar handsak, waarin talle waardevolle items was, herenig het.

2 Sharon Russak van Seepunt in Kaapstad het Siphelo Maqubela, die busbestuurder, as haar held bestempel.

3 Russak het glo haar handsak Maandag langs die pad laat val toe sy uit haar motor geklim het. Maqubela, wat aan diens was en langs die 108 MyCiTi-roete gery het, het dié handsak langs die pad opgemerk, langs die pad stilgehou en haar handsak opgetel. Hy het daarna eers sy roete voltooi.

4 "Toe ek die handsak oopmaak en die juwele daarbinne sien, het ek bang geraak," het Maqubela in 'n verklaring gesê. "Ek het geweet ek sal die handsak met sy eienares móét herenig.

5 Ek het nie Facebook nie, so ek het een van die passasiers gevra om Sharon te probeer opspoor deur die naam op haar ID-kaart te gebruik. Die passasier het haar toe via Facebook laat weet dat haar handsak in my besit is en ek het my selfoonnommer vir haar gegee."

6 Russak het nog nie besef haar handsak word vermis totdat sy 'n boodskap van Maqubela ontvang het nie.

7 "Ek was pas uit 'n vergadering toe ek die boodskap sien om met iemand kontak te maak in verband met my handsak. Ek het eers gedink dat iemand die handsak by my moes gesteel het, want hoekom sou 'n busbestuurder my handsak by hom hê?"

8 Russak se man het Maqubela by 'n bushalte in Houtbaai ontmoet waar hy die handsak aan hom oorhandig het. "Alles was binne my handsak: my trouring, 'n tweede ring en baie waardevolle oorbelle wat ongelooflik sentimentele waarde vir my het. Ek bedank hom vir sy eerlikheid. Hy is 'n aanwins vir MyCiTi en het my boonop weer laat glo dat daar wel goeie en eerlike mense daarbuite is."

9 Sy vertel haar man was aanvanklik omgekrap omdat sy haar handsak verloor het. Maqubela het tergend hierop gesê: "Ja, ek het hulle huwelik gered."

10 Brett Herron, het dié week 'n sertifikaat aan Maqubela oorhandig om hom vir sy eerlikheid te bedank. Herron hoop dié daad herstel mense se geloof in die mensdom.

Maroela Media [3]

1.1 Vir watter busfirma het Maqubela gewerk? (1)

1.2 In watter woongebied het Sharon Russak gewoon? (1)

1.3 Hoe het Sharon haar handsak verloor? (1)

1.4 Waar het Maqubela die handsak gekry? (1)

1.5 Haal EEN reël uit paragraaf 3 aan wat sê dat Maqubela 'n getroue werker is. (1)

1.6 Haal EEN woord uit paragraaf 4 aan wat sê hoe Maqubela gevoel het toe hy die handsak oopmaak. (1)

1.7 Sê in jou eie woorde waarom Maqubela graag die handsak met sy eienares wou herenig? (1)



1.8 Dink jy Maqubela hou van sosiale media? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.9.1 Wie het hom gehelp om vir Sharon op te spoor? (1)

1.9.2 Hoe het hierdie persoon met Sharon kontak probeer maak. (1)

1.10 Hoe het Maqubela geweet wie die eienares van die handsak is? (1)

1.11 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is. Gee 'n rede vir jou antwoord.

Sharon het Maqubela se selnommer op televisie gesien. (1)

1.12 Wanneer het Sharon besef dat haar handsak weg is? (1)

1.13 Was Sharon werkloos? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

1.14 Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde aan wat sê presies waar Sharon se man vir Maqubela ontmoet het. (Paragraaf 8) (1)

1.15 Noem DRIE waardevolle dinge wat in Sharon se handsak was? (3)

1.16 Op watter manier was Maqubela beloon vir sy goeie daad? (1)

1.17 Stem jy saam dat Maqubela 'n goeie rolmodel vir Suid-afrikaners is? Ja of Nee. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[20]

## VRAAG 2: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.




2.1 Die dogtertjie se pa het 'n slegte gewoonte.

Sê in jou eie woorde wat dit is? (1)

2.2 Hoe weet jy dat dit 'n koue aand is? (1)

2.3 Watter goeie gewoonte het die dogtertjie? (1)

2.4 Het die dogtertjie se pa koffie gedrink? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

2.5 Waarmee word die mens, volgens die dogtertjie, vergelyk? Haal slegs EEN woord aan. (1)

[5]


**TOTAAL AFDELING A: 25 PUNTE**



## AFDELING B: TAALVRAE

## VRAAG 3: VISUELE GELETTERHEID

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.




3.1 Kies die korrekte woord of spelling van 'n woord tussen hakies.

Die man sit 3.1.1 (voor/agter) sy huis en 3.1.2 (keier/kuier) lekker saam met die 3.1.3 (diere/deure). Dit is nogal snaaks dat daar op so 'n warm dag 'n 3.1.4(vier/vuur) brand. (4)

3.2 Gee die korrekte Afrikaans woord vir die woord "eish". (1)

[5]

VRAAG 4: WOORDSTRUKTURE

Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Wilde diere word as troetediere aangehou.**



Deur Huisgenoot Digitaal op Augustus 6, 2015

Foto's van 'n tierwelpie wat in sy eienaar se **4.1** (agter+plaas) aangehou word, is op Facebook versprei.

Die welpie word as troeteldier by 'n **4.2** (huis) in Boksburg aangehou.

Volgens Netwerk24 is die man glo met die **4.3** (dood/dooie) gedreig nadat dit bekend **4.4** (word) het dat hy 'n tier as troeteldier aanhou.

Ainsley Hay, **4.5** (bestuurder) van wildbeskerming by die DBV, sê hul hande is **4.6** (afkap/afgekap.)

"Die **4.7** (probleem) is dat mens 'n inheemse of eksotiese dier as troeteldier kan aanhou ," het Ainsley gesê en bygevoeg die **4.8** (wed/wet) sal moet verander word.

"Ons is bekommerd **4.9** (met/oor) die veiligheid van die dier, sowel as dié van ander mense. Die dier kan 'n uiters groot gevaar inhou vir die publiek."

Volgens hom het **4.10** (sy/hy) die Gautengse Natuurbewaringsgroep genader, maar dié het hom ingelig niks kan omtrent die tierwelpie gedoen word nie.

'n Beampte van die Wildbeskermingsvereniging het gesê mense dink dis "koel" om 'n wilde dier groot te maak..

[Huisgenoot.com]



| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Vorm 'n samestelling met die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.2 | Gee die meervoud van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.3 | Kies die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies. | (1) |
| 4.4 | Gee die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies. | (1) |
| 4.5 | Gee die teenoorgestelde geslag van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.6 | Kies die korrekte vorm van die werkwoord tussen hakies. | (1) |
| 4.7 | Gee die verkleining van die woord tussen hakies. | (1) |
| 4.8 | Kies die korrekte homofoon tussen hakies. | (1) |
| 4.9 | Kies die korrekte voorsetsel tussen hakies. | (1) |
| 4.10 | Kies die korrekte voornaamwoord tussen hakies. | (1) |
| | | [10] |

**VRAAG 5: SINSTRUKTURE**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

**BLINDE TERAPIEHOND**


Deur Digitale Span op Maart 28, 2016

**Die golden retriever Smiley weet beter as enigiemand anders wat die gesegde "liefde is blind" beteken.**

Die 13-jarige hond is sonder oë gebore.

Met sy oorgroot tande en oogholtes wat nou toegewerk is om infeksies te verhoed, lyk hy kompleet asof hy glimlag – vandaar sy naam.

Smiley se eienaar, Joanne George, het hom in 2004 saam met tien ander hondjies gered wat later aangeneem is.Ná sowat ses maande het Smiley steeds nie 'n huis gekry nie en Joanne het besluit hy sal by haar moet bly. Hy het van die eerste oomblik dat hy in die George-huishouding gekom het, vreugde in ander se lewe gebring.Omdat hy nie kan sien nie, skat hy dit wat om hom is en leer hy mense ken op die gevoel wat hy van hulle kry.

Joanne het besef Smiley is so inspirerend; hy behoort 'n terapiehond te wees."Ek besef toe hierdie hond moet 'n terapiehond wees – ek moet hom met ander deel."Joanne het 'n profiel vir haar hond op die sosiale netwerk Instagram begin en hy het reeds meer as 80 000 aanhangers.Volgens die Instagram-profiel is Smiley 'n terapiehond by die noodhulpopleidingsorganisasie St. John's Ambulance.

**– Saamgestel deur Saskia Hill**
[Huisgenoot.com]

5.1 Word die volgende gesegde wat na Smiley verwys letterlik of figuurlik bedoel?
"Liefde is blind." (1)

5.2 Skryf die onderstaande sin oor en begin soos aangedui.

Sy oogholtes is toegewerk om infeksie te verhoed.

Begin so: Om infeksie te verhoed, ... (1)



5.3 Skryf die volgende sin in die toekomende tyd.

Sy naam is Smiley. (2)

5.4 Skryf die onderstaande sin in die teenwoordige tyd.

Joanne het Smiley gered. (1)

5.5 Skryf die onderstaande sin in die ontkennende vorm.

Smiley sal by Joanne bly. (2)

5.6 Skryf die onderstaande sin oor en begin soos aangedui.

Hy behoort 'n terapiehond te wees.

Begin so: Hy moet... (2)

5.7 Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd.

Ek moet hom met ander deel. (1)

5.8 Verbind die onderstaande sinne met die gegewe voegwoord.

Smiley is blind. Hy bring vreugde in mense se lewens. (tog) (1)

5.9 Watter tipe sinsoort is die volgende sin?

Mense neem diere aan. (1)

5.10 Skryf die onderstaande sin in die korrekte woororde.

Smiley (om lief te hê) (het vandag) (mense inspireer). (3)

[15]

**TOTAAL AFDELING B: 30 PUNTE**

**GROOTTOTAAL: 55 PUNTE**

AFR EAT, GRAAD 8: MEMO

8/ 2018

Afdeling A: Begrip (spelling tel nie)

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | MyCITI.✓ | (1) |
| 1.2 | Seepunt.✓ | (1) |
| 1.3 | Dit het langs die pad geval toe sy uit haar kar klim.✓ | (1) |
| 1.4 | Langs die pad.✓ | (1) |
| 1.5 | "Hy het daarna eers sy roete voltooi."✓ | (1) |
| 1.6 | "bang" MET OF SONDER AANHALINGSTEKENS.✓ | (1) |
| 1.7 | Daar was duur juwele daarin./ Daar was waardevolle items daarin.✓ | (1) |
| 1.8 | Nee, hy het nie facebook op sy foon gehad nie.✓ | (1) |
| 1.9.1 | Een van die passasiers.✓ | (1) |
| 1.9.2 | Hy/sy het vir Sharon 'n boodkap op Facebook gelaat/ via Facebook/deur Facebook.✓ | (1) |
| 1.10 | Haar ID- kaart was in die handsak.✓ | (1) |
| 1.11 | Onwaar. Hy het sy selnommer op Facebook met haar gedeel.✓ | (1) |
| 1.12 | Nadat sy 'n boodskap van Maqubela ontvang het.✓ | (1) |
| 1.13 | Nee,sy was in 'n (werks)vergadering.✓ | (1) |
| 1.14 | "bushalte in Houtbaai" MET OF SONDER AANHALINGSTEKENS✓ opeenvolgende woorde | (1) |
| 1.15 | Haar trouring ✓/'n tweede ring✓/ oorbelle.✓ | (3) |
| 1.16 | 'n Sertifikaat.✓ | (1) |
| 1.17 | Ja, hy is eerlik.(Spesifiek)✓ | (1) |
| | | [20] |

2.1 Hy rook.✓ (1)

2.2 Daar is 'n vuur in die kaggel./Die pa is warm aangetrek.✓ (1)

2.3 Sy hou van lees.✓ (1)

2.4 Ja, daar is 'n beker op die vloer.✓ (1)

2.5 "aap".✓ (1)

[5]

Afdeling B: Taal (spelling tel)

3.1 voor✓ (1)

3.2 kuier✓ (1)

3.3 diere✓ (1)

3.4 vuur✓ (1)

3.5 ys✓ (1)

[5]

4.1 agterplaas✓ (1)

4.2 huise✓ (1)

4.3 dood✓ (1)

4.4 geword✓ (1)

4.5 bestuurderes✓ (1)

4.6 afgekap✓ (1)

4.7 probleempie✓ (1)

4.8 wet✓ (1)

4.9 oor✓ (1)

4.10 hy✓ (1)

[10]

5.1 letterlik✓ (1)

5.2 Om infeksie te verhoed, (is sy) oogholtes toegewerk.✓ (1)

5.3 Sy naam (sal/gaan)✓ Smiley (wees)✓. (2)

5.4 Joanne red Smiley.✓ (1)

5.5 Smiley sal (nie)✓ by Joanne bly (nie)✓. (2)

5.6 Hy moet 'n terapiehond wees.✓✓ (2)

5.7 Ek moes hom met ander deel./ Ek moes hom met ander gedeel het.✓ (1)

5.8 Smiley is blind tog bring hy vreugde in mense se lewens.✓ (1)

5.9 Stelsin.✓ (1)

5.10 Smiley (het vandag)✓ (mense inspireer)✓ (om lief te hê)✓. (3)

[15]

**TOTAAL: [55]**